

22 Julie

Die huwelik is vir God heilig

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-12 (4) (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:4

Watter woord tref jou wanneer die Here jou met hierdie 12 verse aanspreek? Dit is die woord "heilig". Dit kom drie keer voor en dan weer in "Heilige Gees" (vs 8). Dit is waaroor God met jou en my wil praat. Om heilig te leef, is om afgesonder te wees vir 'n spesifieke doel. In ons geval, afgesonder vir 'n intieme verhouding met God.

Wanneer ons met hierdie wete na vers 4 luister, dan sê dit iets van hoe God voel oor die huwelik. Afgesonder vir God hou in dat, wanneer jy voor Hom 'n belofte aan jou lewensmaat gemaak het, jy dit hou en jou afsonder om jou aan hom of haar alléén te onderwerp. Vir God is die huwelik so belangrik dat Hy die verhouding tussen man en vrou toets aan die verhouding tussen Jesus (die bruidegom) en die kerk (die bruid) (Ef 5:21-30).

As jy 'n verhouding met God het, moet jy volgens vers 4 hierdie belangrike ding weet: Om onheilig met jou huweliksmaat saam te leef, beteken nie net dat jy seksuele sondes doen nie, maar ook dat jy jou nie tussen ander afsonder om aan hom/haar al jou aandag te gee nie. Dit is wanneer ons nie genoeg tyd afsonder om saam 'n heilige lewe voor God te soek nie. Die huwelik is vir God heilig, leef dus heilig daarin saam.

Sing: Skrifberyming 14-1:2

Ds. Henning Venter (Bellville-Oos)